

# Belasting vir verskillende ondernemingsvorme

Deur Frans Krause

'n Mens sien dikwels vergelykings van belastingkoerse tussen verskillende ondernemingsvorme (maatskappye, trusts en individue), waar die maatskappy-belastingkoers aangedui word as 28%. Die direkte koers is wel 28%, maar voordat die inkomste by die aandeelhouders uitkom, is daar ook belasting op dividende van 15% ter sprake.

Die korrekte vergelyking is:

- Belasbare inkomste: R1 000.
- Maatskappybelasting 28%: R280.
- Beskikbaar vir dividend: R720.
- Belasting op dividende 15%: R108.

Die totale belasting (R280 + R108) is dus R388 of 38,8%, wat minder is as die koers van 45% vir 'n trust. Die gemiddelde koers vir individue jonger as 65 jaar met 'n belasbare inkomste van R2 500 000 is 38,7%, wat min of meer gelyk is aan die maatskappykoers.

## Individuele belastingkoers en -kortings

Die gemiddelde koers vir individue sal nie meer wees as die koers vir trusts nie; individue word belas teen 'n stygende glykskaal beginnende by 18%, met die maksimum teen 'n grenskoers van 45%.

Individue kry ook die volgende belastingkortings:

- Belastingbetalers onder 65 jaar: R14 067.
- Belastingbetalers tussen 65 en 75 jaar: R21 780.
- Belastingbetalers oor 75 jaar: R24 354.

**Tabel 2: 'n Illustrasie van omsetbelasting en standaard belasting teen verskillende netto inkomstekeerse.**

Teen netto inkomstekeerse	5%	10%	20%	5%
Omset	R1 000 000	1 000 000	1 000 000	500 000
Netto inkomste	50 000	100 000	200 000	25 000
Omsetbelasting	14 150	14 150	14 150	1 650
Standaard inkomstebelasting vir belastingbetalers onder 65 jaar	Nul	3 933	22 265	Nul
Belastingverskil-standaard minus omsetbelasting	-14 150	-10 217	+8 115	-1 650

Die ander belastingnadeel vir maatskappye en trusts is die hoër insluitingskoers vir kapitaalwinstbelasting (KWB). Dit is 80% vir maatskappye en trusts, terwyl dit 40% vir individue is. Individue kry ook 'n jaarlikse KWB-uitsluiting van R40 000.

**Tabel 1: 'n Voorbeeld van kapitaalwinstbelasting.**

	Individue	Maatskappye en trusts
Kapitale wins	R100 000	R100 000
Uitsluiting	R40 000	Nul
<b>Totaal</b>	<b>R60 000</b>	<b>R100 000</b>
Insluitingskoers	40%	80%
Insluiting in belasbare inkomste	R24 000	R80 000

## Belasting op kapitale wins

Die belasting op kapitale wins van R100 000 vir 'n individu is teen die marginale belastingkoers van 45% altesaam R10 800 of 10,8%. Dit is R36 000 of 36% vir trusts, en R31 920 of 31,9% vir maatskappye (teen die totale belastingkoers van 38,8%).

Trusts is na my mening nie 'n belastingdoeltreffende ondernemingsvorm nie, terwyl maatskappye effens meer belastingdoeltreffend is.

Die omsetbelasting vir mikro-ondernemings is teen 'n lae belastingkoers, selfs as in ag geneem word dat dit 'n koers op bruto inkomste is en nie op netto inkomste nie (bruto inkomste minus uitgawes = netto inkomste), soos die standaard inkomstebelasting.

## Oorweging van omsetbelasting

Omsetbelasting is wel 'n oorweging vir mikro-ondernemings soos kleinboere, met

'n omset van minder as R1 000 000. Dit is egter nie vir oorweging met 'n lae netto winsmarge nie, soos aangetoon in Tabel 2. Ondernemings wat soms belastingverliese het, kan beter daaraan toe wees met standaard belasting omdat geen belasting op verliese betaalbaar is nie en aangeslane verliese na volgende jare oorgedra word.

Belastingbetalers wat omsetbelasting kies, kan steeds vir belasting op toegevoegde waarde (BTW) registreer.

## Vennootskap en commandite

Die gebruik van 'n vennootskap *en commandite* word gewoonlik aanbeveel as 'n belastingdoeltreffende ondernemingsvorm. Dit is 'n vennootskap tussen 'n maatskappy as die bekende vennoot en individue as die geheime vennote.

Die voordeel is dat vennootskappe nie belastingentiteite is nie. Dus gaan die inkomste na die vennote en word elke vennoot belas teen die belastingkoers wat op hom van toepassing is. Dit laat ruimte vir belastingbeplanning om belasbare inkomste na vennote met 'n laer belastingkoers te kanaliseer.

Die belangrikste aspek van die vennootskap *en commandite* is dat alle handeling in die naam van die maatskappy is om sodoende beperkte aanspreeklikheid te bevorder. Die geheime vennote moenie bekend wees nie, behalwe op 'n noodsaaklikheid-om-te-weet basis.

Ek word dikwels gevra hoe algemeen is die gebruik van 'n vennootskap *en commandite* as ondernemingsvorm. Dit is baie algemeen. Aangesien almal onder die indruk moet wees dat hulle sake doen met 'n maatskappy, behoort min mense te weet dit is 'n vennootskap *en commandite*.

Produsente kan gerus by 'n prokureur meer uitvind oor die vennootskap *en commandite* as ondernemingsvorm. [VP](#)

Frans Krause is 'n buitengewone dosent in belasting by die Regsfakulteit, Departement Handelsreg, aan die Universiteit van Pretoria. Vir meer inligting, kontak hom by [krausefa@telkomsa.net](mailto:krausefa@telkomsa.net).